



**Stellenbosch**  
UNIVERSITY  
IYUNIVESITHI  
UNIVERSITEIT

# Kode 2040: US se Geïntegreerde Etiese Kode



## Kode 2040: US se Geïntegreerde Etiese Kode

<b>Tipe dokument:</b>	Kode
<b>Doel:</b>	Kode 2040 is 'n meganisme om die organisatoriese integriteit en etiese kultuur van die US te rig en te bestuur, en om etiese gedrag in die uitvoering van die US se sake met sy belanghebbendes te bevorder en te handhaaf.
<b>Goedgekeur deur:</b>	Raad
<b>Goedkeuringsdatum:</b>	28/11/2022
<b>Implementeringsdatum:</b>	28/11/2022
<b>Datum van hersiening:</b>	Elke vyf jaar of vroeër indien nodig
<b>Vorige weergawes:</b>	Geen
<b>Eienaar<sup>1</sup>:</b>	US Raad
<b>kurator<sup>2</sup>:</b>	Viserektor: Strategie, Globale en Korporatiewe Sake en die Registrateur; Registrateur
<b>Sleutelwoorde:</b>	Organisatoriese Integriteit, Etiese Gedrag, Etiese Kultuur, Geïntegreerde Etiese Oprede
<b>Geldigheid:</b>	Ingeval van geskille ten opsigte van interpretasie, word die Engelse weergawe van hierdie beleid as die geldende weergawe aanvaar en die Afrikaanse weergawe as die vertaling daarvan.

US Beleide is beskikbaar by [www.sun.ac.za/policies](http://www.sun.ac.za/policies)

<sup>1</sup> Eienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikeheidsentrum waarbinne die beleid funksioneer.

<sup>1</sup> Kurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die implementering en instandhouding van die beleid.

## KODE 2040 - UNIVERSITEIT STELLENBOSCH SE GEÏNTEGREERDE ETIESE KODE

Goedgekeur: 28 November 2022

### A. KONTEKS

1. Kode 2040 is die eiendom van die Raad, en gevolglik van die Universiteit Stellenbosch (US) in die geheel.
2. Kode 2040 is saamgestel met verwysing na die oorsigbestuursbeginsels wat in die US se Statuut uiteengesit word, en met erkenning van die feit dat goeie oorsigbestuur nie allereers uit wetlike imperatiewe ontstaan nie, maar uit 'n etiese verbintenis (onderstut deur die US se sterk institusionele waardes van uitnemendheid, respek, billikheid, deernis en verantwoordbaarheid). Die US is 'n openbare tersiêre instelling wat openbare fondse aanwend en verantwoordelik is om dit op 'n etiese en verantwoordbare wyse te doen. Kode 2040 gee uiting aan ons unieke institusionele nalatenskap as die onvoltooide en voortdurende taak om kennis in diens van die samelewing eties te bevorder.
3. Kode 2040 kan ten beste beskryf word as 'n *geïntegreerde etiese kode* wat poog om die US se institusionele waardes oor te sit in 'n stel hoëvlak- regulatiewe riglyne wat gedrag by die US beheer. Kode 2040 is dus aspirerend én rigtinggewend. Die primêre fokus daarvan is egter op ons waardes - eerder as wettiese voldoening - as die grondslag vir gedrag waarna ons streef.
4. Kode 2040 stem ooreen met Visie 2040 en die US se strategiese raamwerk. Ons Visie verklaar dat '*Die Universiteit Stellenbosch sal Afrika se voorste navorsingsintensiewe universiteit wees wat wêreldwyd as uitnemend, inklusief en innoverend erken word en waar ons kennis tot diens van die samelewing bevorder*'. Die verwesenliking van Visie 2040 hang af van die etiese uitvoering van ons aktiwiteite en ons skakeling met belanghebbendes. Ons institusionele waardes ondersteun Visie 2040, ons missie<sup>1</sup> en ons

---

<sup>1</sup> Ons missie: Die Universiteit Stellenbosch is 'n navorsingsintensiewe universiteit wat uitmuntende studente lok, talentvolle personeel aanstel en 'n wêreldklasomgewing bied; 'n plek wat met die wêreld verbind is en gemeenskappe plaaslik, op die vasteland en in die res van die wêreld verryk en

kern strategiese temas, en voorsien die grondslag vir die bevordering van ons etiese institusionele kultuur.

5. Ander oorsigbestuursdokumente van spesifieke US-omgewings is daarenteen met Kode 2040 bely. Kode 2040 is dus 'n etiese en waarderaamwerk wat deur alle ander dokumente omarm moet word. Hierdie dokumente vul Kode 2040 aan deur meer konkrete voorskrifte te gee oor spesifieke gedrag wat as 'n voorwaarde vir voortgesette diens by, of affiliasie met, die US vereis of verbied word; asook die dissiplinêre prosesse en strafmaatreëls wat in die geval van nienakoming geld. Verwysings na hierdie beleide is as hiperskakels in Kode 2040 vasgelê.<sup>2</sup>
6. Etiese gedrag kan in die praktyk nie deur 'n skriftelike kode verseker word nie. Kode 2040 vervang dus nie die 'goue reël' nie - behandel ander mense soos jy wil hê hulle moet jou behandel. Behalwe dat ons Kode 2040 en US-oorsigbestuursdokumente moet nakom, moet ons ook deur ons gewete gelei word oor wat eties-gepaste gedrag uitmaak.
7. Die huidige dokument bied 'n uiteensetting van die doel en omvang van Kode 2040, die US se Geïntegreerde Waarderaamwerk, die US-verbintenis (aspirerende dimensie) en die breë gedragimplikasies van ons verbintenis (rigtinggewende dimensie). Aspekte oor die aanmelding van onetiese gedrag, implementering, evaluering en hersiening word ook kortliks aangeroer.

## **B. DOEL**

1. Kode 2040 is 'n meganisme om die organisatoriese integriteit en etiese kultuur van die US te rig en te bestuur, en om etiese gedrag in die uitvoering van die US se sake met sy interne en eksterne belanghebbendes te bevorder en te handhaaf. Dit rig die daaglikse werk van US-personeel en van die belanghebbendes wat met die US se aktiwiteite geaffilieer is (verwys na afdeling C, Omvang). Dit is 'n verklaring oor hoe die US se etiese waardes sy kultuur, strategieë, sake en verhoudinge (met sowel direkte as indirekte belanghebbendes) rig.
2. Die algehele doel van Kode 2040 is om die etiese verwesenliking van Visie 2040 te ondersteun deur die bevordering van professionele en verantwoordelike gedrag wat onder meer bydra tot:
  - a) 'n sistemies volhoubare en florerende instelling;
  - b) nakoming van wetgewing en regulasies (insluitend die Grondwet, die Wet op Hoër Onderwys, die US Statuut, 'Guidelines for good governance practice and governance indicators for councils of South African public higher education

---

transformeer.

<sup>2</sup> Vir 'n bygewerkte lys van die US se oorsigbestuursdokumente, besoek gerus <http://www.sun.ac.za/afrikaans/policy> (Let asseblief daarop dat, waar daar Afrikaanse ekwivalente is vir die oorsigbestuursdokumente, die hiperskakels aangepas is om daarna te verwys.)

institutions'<sup>3</sup> en King IV<sup>4</sup>);

- c) 'n etiese organisatoriese kultuur wat op gedeelde waardes gebou is;
- d) konsekwente vertroue in en verantwoordbaarheid van belanghebbendes;
- e) responsiwiteit op belanghebbendes se verwagtinge; en
- f) die opvoeding van afgeronde, verantwoordelike en etiese burgers.

## C. OMVANG

1. Kode 2040 is van toepassing op die volgende direkte belanghebbendes:
  - a) lede van statutêre liggame wat die US reguleer of wat met die US vereenselwig kan word (insluitend die US se Raad<sup>5</sup> en sy komitees en alle ander institusionele liggame van die US);
  - b) US-personeel (permanent, tydelik, besoekend) en akademiese geaffilieerdes;
  - c) US-studente (huidig; residensieel en hibriede leer; voltyds en deelyds);
  - d) aangestelde kontrakteurs en diensverskaffers, asook hul werknemers, en verteenwoordigers wat sake met die US doen;

Alle direkte belanghebbendes is tot Kode 2040 verbind. Terwyl die kode vir die verskillende bedryfsomgewings van die US vertolk moet word, moet hierdie vertolkings (en alle beleidsdokumente wat dié omgewings rig) konsekwent met die kode wees. Dis nie genoeg om bloot kennis van die inhoud van Kode 2040 te neem nie; direkte belanghebbendes moet hulle verbind tot die beginsels van die kode en die beginsels nakom.

2. Die US erken dat sy aktiwiteite nie alleen 'n invloed het op daardie belanghebbendes wat direk met die aktiwiteite van die Universiteit geaffilieer is nie, maar ook op indirekte belanghebbendes. Hoewel Kode 2040 nie die gedrag en aktiwiteite van hierdie indirekte belangegroepes rig nie, erken ons die belange van die volgende groepe in die mate waartoe die US se aktiwiteite 'n invloed op hulle het:
  - a) ouers en borge van studente;
  - b) die regering;
  - c) nywerheid;

---

<sup>3</sup> Die 'Guidelines for good governance practice and governance indicators for councils of South African public higher education institutions' omskryf die samelewingsfunksie van HOI's soos volg: 'Universiteite is eerstens daarvoor verantwoordelik om mense op te voed en hulle te voorsien van hoëvlakvaardighede vir die arbeidsmark. Tweedens is hulle die belangrikste produsente van nuwe kennis; hulle evalueer en vind nuwe toepassings vir bestaande kennis; en hulle bekragtig kennis en waardes deur hul kurrikulums. Derdens bied hulle geleenthede vir sosiale mobiliteit en versterk maatskaplike geregtigheid en demokrasie, en help dus om die ongelikhede wat van ons apartheidsverlede geërf is, te bowe te kom' (DHOO, Republiek van Suid-Afrika, bl. 9; eie vertaling).

<sup>4</sup> Hoewel die 'Guidelines for good governance practice and governance indicators for councils of South African public higher education institutions' noem dat King IV baie goeie oorsigbestuursbeginsels voorstaan, word dit nie deur die DHOO as 'n geskikte oorsigbestuursinstrument vir HOI's beskou nie. Wat dit betref, het die US 'n verbintenis tot die King IV-beginsels uitgespreek in die mate waarin hierdie beginsels op die Universiteit se konteks betrekking het.

<sup>5</sup> Die Raad van die US, asook die Institusionele Forum, het ook afsonderlike kodes wat hulle spesifieke oorsigbestuurspligte bepaal.

- d) donateurs;
- e) alumni
- f) navorsingstigtings (plaaslik en internasionaal);
- g) die gemeenskap (die burgerlike samelewing, nieregeringsorganisasies, ander universiteite, skole, adviesrade, diensverskaffers, en die media);
- h) die omgewing.

## D. GEÏNTEGREERDE WAARDERAAMWERK

1. Die institusionele waardes van die US, soos uiteengesit in Visie 2040, hou verband met ons werk (uitnemendheid), ons skakeling met ons direkte en indirekte belanghebbendes (respek, billikheid, deernis) en die toepassing van ons gedrag (verantwoordbaarheid). Hierdie waardes tesame bevorder etiese gedrag by die US. Alle belanghebbendes dra deur die konsekwente toepassing van ons waardes tot die verwesenliking van Visie 2040 by. Hierdie waardes ondersteun ook die realisering van die US se strategiese temas, soos uitgebeeld in Figuur 1.

**Figuur 1: Die Universiteit Stellenbosch se Geïntegreerde Waarderaamwerk**



## E. DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH-VERBINTENIS

1. Hoewel sekere waardes in sekere kontekste meer prominent op die voorgrond kan wees, werk ons waardes uiteindelik saam en moet dit in al ons handeling en besluite weerspieël word.
2. *As belanghebbendes van die Universiteit Stellenbosch verbind ons onself tot etiese gedrag; en ons verbintenis is in die besonder:*
  - a) *om ons werk te verrig op 'n wyse wat uitnemendheid demonstreer,*
  - b) *om ons belanghebbendes altyd billik en met respek en deernis te behandel, en*
  - c) *om verantwoordbaar te wees vir die uitvoering en gevolge van al ons handeling.*
3. Ons waardes is sterk, maar die nastrewing van ons waardes by die US verg voortdurende debatvoering en leiding. Die gedragstandaarde wat ons waardes ondersteun, word in die volgende afdeling bespreek.

## F. DIE TOEPASSING VAN ONS WAARDES

*Ons verbind ons daartoe om ons werk te verrig op 'n manier wat uitnemendheid demonstreer*

1. Die US definieer uitnemendheid as die strewe na kennis wat die hoogste standaard van integriteit, vernuwing en relevansie nakom - soos beoordeel deur die toepaslike belanghebbendes. Uitnemendheid word gekenmerk deur werkpraktyke van gehalte wat uitstaande, eties en doeltreffend is. Uitnemendheid is die sleutel tot die verwesenliking van Visie 2040.
2. In die akademiese omgewing verbind uitnemendheid ons tot die volgende riglyne:
  - a) *Ons ondersteun akademiese vryheid<sup>6</sup>*

Ons bevorder akademiese en intellektuele vryheid, insluitend die vryheid om te bespreek, om oor onderrighoud te besluit en om metodes van navorsing en kreatiewe uitdrukking te verken. Ons verstaan dat akademiese vryheid vertolk en gekwalifiseer word met verwysing na ons ander institusionele waardes (respek, billikheid, deernis en verantwoordbaarheid). Ons streef na 'n verbintenis tot die waarheid, ons toon respek teenoor diegene met verskillende standpunte, en ons laat nie toe dat die onbehoorlike invloed van befonders of ander belanghebbendes ons onderrig en navorsing op die spel plaas nie.

---

<sup>6</sup> Verwys na: [Beleid vir verantwoordelike navorsingsgedrag](#)

b) *Ons onderneem ons onderrig en navorsing met akademiese integriteit*<sup>7</sup>

Akademiese integriteit beteken dat ons intellektuele eerlikheid aanmoedig en verdedig deur nie plagiaat, selfplagiaat of enige ander vorm van akademiese bedrog te pleeg nie; dat ons bereid is om kritiek te aanvaar en dat ons ander skoliere se werk met billikheid kritiseer; en dat ons erken dat ons in ons soeke na kennis en begrip 'n etiese verpligting teenoor die US en die plaaslike, binnelandse, kontinentale en wêreldwye gemeenskappe het.

Ons verseker die oorspronklikheid van ons navorsing, verkry etiese goedkeuring vir ons navorsing, onderneem en rapporteer navorsing akkuraat en deursigtig met behoorlike inagneming van hoe data in ons navorsing gebruik word, argiveer ons navorsing korrek, beskerm alle betrokkenes by navorsing of onderrig en leer, verseker dat navorsingsvoordele en -laste billik gedeel word (veral navorsing wat mense deelnemers behels), behandel diere eties en beskerm die US se intellektuele eiendom.

Ons erken ons plig om oortredings of vermoedelike oortredings van akademiese integriteit te rapporteer.<sup>8</sup>

c) *Ons neem etiese gedrag in ag in onderrig en leer, transformasie en sosiale impak*

As opvoeders voorsien ons verantwoordelike leierskap aan jong studente en professionele mense en handhaaf hoë standaarde van onderwys, toesighouding, mentorskap en assessering.

Ons toon 'n belang in hoe ons onderrig, maar ook in wat ons onderrig. Ons verbind ons tot vernuwing in onderrig om seker te maak dat ons inhoud hedendaags, transformerend en relevant vir ons studente is.

As opvoeders en studente toon ons die nodige agting vir verskillende standpunte, en behandel mekaar met respek en beleefdheid binne die leeromgewing en die netwerke en gemeenskappe waarin ons funksioneer.

3. In 'n ingewikkelde wêreld wat gekenmerk word deur onder meer onsekerheid en snelle tegnologiese vernuwing,<sup>9</sup> word uitnemendheid (gedefinieer in terme van integriteit, vernuwing en relevansie) op alle werkvlakke binne die Universiteit vereis - nie net op akademiese vlak nie.<sup>10</sup>

---

<sup>7</sup> Verwys na: [Plagiaatbeleid ter ondersteuning van Akademiese Integriteit](#); [Beleid vir verantwoordelike navorsingsgedrag](#); [Gebruik en lisensiëring van handelsmerke van die Universiteit Stellenbosch](#) (word opgedateer met nuwe beleid sodra dit goedgekeur is; [Verpligte selfargivering van navorsingsuitsette](#)

<sup>8</sup> Verwys na: [Prosedure vir die Ondersoek van bewerings van skending van navorsingsnorme en -standaarde](#)

<sup>9</sup> Verwys na [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019-2024](#), afdeling 5, vir 'n vollediger bespreking oor die konteks waarin die US werk.

<sup>10</sup> 'n Voorbeeld van hoe waardevol hierdie eienskappe van uitnemendheid is om 'n sistematies volhoubare en florerende instelling te verseker, is die US se veelvlakkige, ratse en aanpasbare reaksie op die Covid-19-pandemie.

*Die waarde van uitnemendheid geld algemeen vir alle lede van die US-gemeenskap in ons strewe om gehaltdienste aan al ons belanghebbendes te lewer en rentmeesterskap oor die US se bates, infrastruktuur en terrein uit te oefen.*

***Ons verbind ons daartoe om ons belanghebbendes altyd billik en met respek en deernis te behandel***

4. By die US erken ons dat ons belanghebbendes (soos omskryf in afdeling C, Omvang) ons belangrikste hulpbron is en ons onderneem om mekaar met deernis en respek te behandel.
5. Ons erken die US se status as 'n institusionele burger van Suid-Afrika - wat twee samelopende verantwoordelikhede voorstel - naamlik om sosio-ekonomiese ongelykheid aan te pak en om volhoubare ontwikkeling te bevorder om die planeet se voortbestaan vir toekomstige generasies te verseker. Ons neem verantwoordelikheid vir die gevolge wat ons aktiwiteite inhou vir belanghebbendes wat nie direk met die US geaffilieer is nie (verwys na afdeling C, Omvang), en dit sluit die omgewing en die gemeenskap in.
6. Ons verbind ons tot billikheid binne en tussen generasies - wat die US definieer ten opsigte van restitusie met betrekking tot ons verdeelde nalatenskap, en tot regverdigheid en gelykwaardigheid in ons aspirasies (dit impliseer ook behoorlike inagneming van die vryheid, gelykheid en waardigheid van almal met wie ons assosieer, en respek vir mekaar en vir die omgewing - volgens ons waardes).
7. Om seker te maak dat ons verantwoordelikhede teenoor ons belanghebbendes nagekom word, verbind ons ons tot die volgende riglyne:

a) *Ons respekteer die omgewing en bevorder omgewingsvolhoubaarheid*<sup>11</sup>

Ons aanvaar ons plig om enige negatiewe impak wat ons navorsing, onderrig en werksaamhede op die omgewing mag hê, te matig, asook ons plig om deur middel van ons aktiwiteite positief tot omgewings-volhoubaarheid by te dra. In die besonder, en in ooreenstemming met die Plan vir Omgewingsvolhoubaarheid 2020 - 2025, het ons ten doel om:

- die US se koolstofdioksiedvrystellings en afhanklikheid van fossiel-brandstofgedrewe energie deur middel van volgehoue energiebestuursprogramme te verminder;
- proaktiewe stappe te doen om die gevolge van waterskaarste te matig en 'n volhoubare toevoer van water aan alle US-kampusse te verseker;
- die afval wat op kampus gegenereer word, aktief deur voorkoming,

---

<sup>11</sup> Verwys na: [Bestuur van Gevaarlike Afvalstowwe](#); [Environmental Sustainability Plan](#) (slegs in Engels beskikbaar).

vermindering, hergebruik, herwinning, verwerking en verantwoordelike wegdoening te bestuur en te verminder;

- alle tuinuitlegte te ontwerp en te onderhou op 'n wyse wat dit bestand teen omgewingsverandering maak, en om biodiversiteit en die volhoubaarheid van oop ruimtes te verbeter;
- goedere en dienste te verkry van organisasies waar bewyse van ketting-van-bewaring beskikbaar en geëvalueer is;
- volhoubare ontwerpbeginsels toe te pas wat daarop gemik is om die omgewingsimpak van die US se bouwerk, opknapping en bedrywigheide te verminder;
- die omgewingsimpak van reis te minimaliseer en die gebruik van doeltreffende metodes van vervoer aan te moedig; en
- die kampusgemeenskap te betrek om verantwoordelikheid vir die omgewing te aanvaar.

Verder erken ons die belangrikheid om uitdagings soos klimaats-verandering en openbare gesondheid aan te pak deur in navorsing en onderrig op hierdie gebiede te investeer.<sup>12</sup>

- b) *Ons prioritiseer die gesondheid en veiligheid van ons belanghebbendes op al ons kampusse*<sup>13</sup>

Benewens die wegdoening van skadelike afvalprodukte op 'n regmatige wyse, ondersteun ons 'n gesonde en veilige omgewing deur nie ons werksaamhede by die Universiteit uit te voer wanneer ons onder die invloed van alkohol of dwelms is nie.

Ons verstaan dat die US 'n wapenvrye<sup>14</sup> kampus is en dat die dra van 'n wapen tot dissiplinêre en/of regstappe sal lei.

- c) *Ons bevorder die menswaardigheid van, en wedersydse respek vir, alle US-belanghebbendes*<sup>15</sup>

Ons verbind ons tot die bevordering van al die fundamentele regte en vryhede, soos omskryf in die Grondwet en verwante wetgewing, van al ons direkte en indirekte belanghebbendes.

Ons respekteer mekaar as individue en verwerp diskriminasie op grond van mekaar se klas, ras, etnisiteit, nasionaliteit, taal, oortuigings, kultuur, geslag en seksuele oriëntasie.

---

<sup>12</sup> 'n Belangrike inisiatief in hierdie verband is die Skool vir Klimaatsverandering wat in 2021 bekendgestel is.

<sup>13</sup> Verwys na: [Bevordering van Wapenvrye Kampusse](#); [Risikobestuursbeleid](#)

<sup>14</sup> Die Beleid vir die Bevordering van Wapenvrye Kampusse omskryf 'gevaarlike wapens' as: 'vuurwapens in alle kategorieë soos in die Wet op die Beheer van Vuurwapens (Wet 60 van 2000) omskryf asook ploftoestelle en skerp voorwerpe soos messe, swaarde of skerp gemaakte gereedskap met die doel om iemand te dreig of te beseer'.

<sup>15</sup> Sluit verwysing na nuwe kommunikasiebeleid in, sodra dit goedgekeur is.

Ons waardeer die diversiteit van ons werkomgewing, en deel 'n sterk etiese kultuur wat ons tot die US se verbintenis tot gelykheid, inklusiwiteit en diversiteit verbind.

Ons respekteer mekaar ook in openbare gesprekvoering deur verdraagsaamheid en beleefdheid aan die dag te lê. Ons erken respek as 'n belangrike waarde in die teëwerking van sosiale polarisasie, 'n tekort aan gemeenskapsvertroue en die ondermyning van demokratiese instellings.

- d) *Ons bevorder die billike behandeling van ons belanghebbendes, asook die juiste en regverdige insluiting van alle belanghebbendes wat met die Universiteit se aktiwiteite geaffilieer is*<sup>16</sup>

Ons handhaaf 'n zero-toleransie-benadering tot rassisme, geslagsgebaseerde geweld of enige ander vorm van teistering, insluitend diskriminasie, intimidasie, vernedering, afknouery, dreigemente van geweld, beledigende taal en gebare, en die verspreiding van beledigende materiaal.

Ons verbind ons tot positiewe maatreëls vir die matiging van sulke gedrag deur middel van institusionele meganismes soos die Gelykheidseenheid en die toegewyde platform vir die aanmelding van gevalle van rassiediskriminasie, en deur aktief 'n veilige en inklusiewe omgewing (veral studenteverblyf) te skep waarin al ons studente, personeel en ander direkte belanghebbendes kan floreer.

Ons volg billike prosedures vir die hantering van klagtes en verseker dat diegene wat aan enige vorm van diskriminasie ly, met deernis behandel en ondersteun word.

Ons erken dat insluiting nie net 'n belangrike dimensie van die billike en regverdige behandeling van ons belanghebbendes is nie, maar ook van maatskaplike geregtigheid.

Ons erken ons bydrae tot die ongeregtighede van die verlede en verbind ons ten volle tot restitusie en tot die ideaal om 'n inklusiewe Universiteit van wêreldgehalte in en vir Afrika te skep.<sup>17</sup>

---

<sup>16</sup> Verwys na: [Onbillike Diskriminasie en Teistering](#); [Beleid oor Gestremdheidstoegang](#); [Visuele Regstellingsbeleid](#); [Diensbillikheidsbeleid](#); [Beleid vir die Voorkoming van Nepotisme](#).

<sup>17</sup> Die US het 'n Restituisestelling (2018) aanvaar, wat as volg lees: Die Universiteit Stellenbosch (US) erken sy onlosmaaklike verbondenheid met die geslagte van die verlede, hede en toekoms. In die 2018 Eeufeesjaar vier die US sy talle suksesse en prestasies. Die US erken terselfdertyd sy bydrae tot die onreg van die verlede. Hieroor het ons diepe berou. Ons vra sonder voorbehoud om verskoning aan die gemeenskappe en individue wat uitgesluit was van die historiese voorregte wat die US geniet het en ons huldig die kritiese Matie-stemme wat nie tot swye gebring kon word nie. In verantwoordelikheid teenoor die huidige en toekomstige geslagte, verbind die US hom onvoorwaardelik tot die ideaal van 'n inklusiewe wêreldklas-universiteit in en vir Afrika.

Deur ons fisiese en niefisiese omgewings so toeganklik te maak as wat redelikerwys moontlik is, streef ons daarna om universele toegang vir mense met gestremdhede te verskaf.

Ons verbind ons tot 'n deurlopende proses van regstelling ten opsigte van die US se plaaslike, binnelandse, kontinentale en wêreldwye kontekste, wat die visuele regstelling van geboue, lokale en ander fasiliteite en persele van die US insluit (maar nie daartoe beperk is nie).

In ooreenstemming met die Wet op Arbeidsbetrekkinge, Wet 66 van 1995, verbind ons ons tot arbeidspraktyke wat gelyke geleenthede, regverdigte behandeling en diensbillikheid ondersteun.

e) *By die US is ons belanghebbendes ons passie*<sup>18</sup>

Ons erken ons wedersydse interafhanklikheid, en ons verbind ons daartoe om mekaar met respek, deernis en sorg te behandel.

Ons poog om deur die prioritisering van ontwikkeling en welstand ons personeel en studente te bemagtig om hulle volle potensiaal te bereik.

Wat dit betref, bied ons geleenthede vir professionele ontwikkeling en help ons personeel en studente om persoonlike en professionele probleme op te los deur 'n holistiese benadering tot welstand te volg wat gerig is op die bevordering van 'n organisasiekultuur met 'n etos van omgee en taakoriëntasie.

***Ons verbind ons daartoe om verantwoordbaar te wees vir die uitvoering en gevolge van al ons handelinge***

8. Die US definieer verantwoordbaarheid as die aanvaarding van hoë vlakke van verantwoordelikheid vir al ons optrede. Aangesien ons optrede altyd 'n invloed op belanghebbendes het, impliseer verantwoordelikheid ook hoë vlakke van responsiwiteit teenoor al ons belanghebbendes (onderstut deur die waardes van uitnemendheid, respek, billikheid en deernis). Hierdie dimensies saam kom daarop neer dat verantwoordbaarheid 'die verpligting is om verantwoording te doen vir die uitvoering van verantwoordelikhede'<sup>19</sup>. Anders gestel, verantwoordbaarheid beteken dat ons in staat sal wees om ons aktiwiteite en ons interaksies met mekaar te regverdig.
9. By die US gaan ons die volgende verbintenisse aan om regmatige en etiese verslagdoening en openbaarmaking, gesonde risiko- en rekordbestuur en prosedurele billikheid (waar etiese en oorsigbestuursvereistes oortree word) te verseker:

---

<sup>18</sup> Verwys na: [Personeelontwikkelingsbeleid](#); [Personeel Welweesbeleid](#)

<sup>19</sup> IvD, 2016, Woordelys

a) *Ons verbind ons tot anti-korrupsie en anti-omkoperij*<sup>20</sup>

Ons handhaaf 'n duidelike en ondubbelsinnige zero-toleransie-benadering tot omkoperij, bedrog en korrupsie, en verbind ons daartoe om, waar ons ook al werksaam is, ons sake-transaksies en -verhoudings professioneel, regverdig en met integriteit uit te voer.

Ons aanvaar ons verpligting om advies in te win oor onetiese en misdaadaktiwiteite en dit aan te meld - al is dit bloot 'n vermoede.

Ons erken, en versag teen, onreëlmatighede met toelatings en die onregverdigte toekenning van beurse, en streef daarna om inklusiwiteit in toegang tot onderwys te verseker.

Ons handhaaf 'n anonieme etiekblitslyn<sup>21</sup> wat die anonimiteit van aanmelding deur fluitjieblasers en die beskerming van fluitjieblasers ondersteun.

b) *Ons verbind ons daartoe om tydig en akkurate finansiële inligting te verskaf*

Ons belanghebbendes maak staat op die akkuraatheid, volledigheid, tydigheid, deursigtigheid en eerlikheid van ons transaksies, rekords, verslae en openbaarmakings. Gesonde finansiële bestuur vereis dat alle sakerekords wat ons skep, ongeag die formaat (insluitend die rekords in verband met die aktiwiteite van departemente, navorsingsentrums en derdestroom-inkomstestrome), die werklike aard van transaksies en gebeure moet weerspieël.

Ons implementeer doeltreffende, effektiewe en deursigtige finansiële bestuur- en kontrolestelsels wat interne finansiële verslagdoening-standaarde nakom.

Swakhede in finansiële verslagdoening wat deur ons interne en eksterne ouditeure geïdentifiseer word, word aan bestuur en, waar nodig, die Raad se Oudit-en-Risikokomitee gerapporteer en stappe word gedoen om hierdie swakhede aan te spreek.

Ons is oop, eerlik en deursigtig oor ons vaslegging van en verslagdoening oor inligting, en is duidelik oor sowel positiewe as negatiewe verslae.

c) *Ons verbind ons tot doeltreffende en etiese risikobestuur en*

---

<sup>20</sup> Verwys na: [Anti-Corruption and Anti-Bribery Policy](#)

<sup>21</sup> Etiek-blitslyn se kontakbesonderhede: Tel: 0800 204 549; E-pos: sun@ethics-line.com; Web: www.tip-offs.com

## *rekordbestuur*<sup>22</sup>

Risikobestuur vorm 'n integrale deel van goeie oorsigbestuur en verantwoordbare gedrag, en is onderworpe aan verskeie regulatoriese vereistes.

Ons aanvaar ons plig om 'n doeltreffende en deursigtige risikobestuur-stelsel te implementeer en te handhaaf om die hersiening, identifisering, evaluering, monitering, bestuur en kennisgewing van risiko's by die US te fasiliteer. Ons erken dat 'n doeltreffende en deursigtige risikobestuur-stelsel help om ons sistemiese volhoubaarheid te beveilig.

Die US is bekend met 'n groot hoeveelheid persoonlike en sensitiewe inligting (insluitend personeel- en studenterekords) wat 'n beduidende institusionele risiko kan inhou as ons nie ons plig uitvoer om om te sien na die bestuur, verwerking en gebruik van inligting kragtens die wetgewende vereistes van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (POPIA) nie.

Ons aanvaar hierdie plig van beskerming en verbind ons tot die beveiliging van die integriteit en vertroulikheid van ons inligting en rekords.

### d) *Ons versag teen belangebotsings en die onvanpaste uitruiling van geskenke*<sup>23</sup>

Die US erken dat sy direkte belanghebbendes uiteenlopende belange het en betrokke is by aktiwiteite wat buite die bestek van hulle formele verhouding met die Universiteit val. Die US erken verder dat sodanige belange en aktiwiteite aanleiding kan gee tot belangebotsings in soverre dit belanghebbendes, derde partye of die Universiteit onbillik of onbehoorlik kan bevoordeel.

Ons poog om belangebotsings te vermy, veral botsings wat lei tot die onbillike voorkeurbehandeling van sekere belanghebbendes.

Belangebotsings kan egter soms nie vermy word nie. In sulke gevalle maak ons alle werklike, potensiële of waargenome belangebotsings bekend sodra dit voorkom, en verseker dat dit behoorlik bestuur word om hierdie botsings te versag.

Ons waak ook teen onbehoorlike invloed wanneer geskenke gegee en ontvang word, en om nie die indruk te skep dat 'n onvanpaste sakevoordeel geskep word nie.

---

<sup>22</sup> Verwys na: [Risikobestuursbeleid](#); [Informasiesekuriteitsregulasies](#); [Rekordbestuursbeleid](#); [Dataprivaatheidsregulasie](#)

<sup>23</sup> Verwys na: [Konflik van Belange](#); [Beleid vir die Voorkoming van Nepotisme](#); [Anti-Corruption and Anti-Bribery Policy](#); [Geskenkebeleid](#)

- e) *Ons handhaaf prosedurele regverdigheid in die strewe na administratiewe geregtigheid*<sup>24</sup>

Verantwoordbaarheid word ondersteun deur beleide en prosedures wat administratiewe geregtigheid bevorder. Ons kan administratiewe geregtigheid slegs laat geld wanneer prosedurele regverdigheid toegepas word.

Ons erken dat prosedurele regverdigheid verteenwoordig word deur konsekwentheid, billikheid, geregtigheid, deursigtigheid, vertroulikheid en onpartydigheid. Ons verstaan verder dat onpartydigheid vereis dat ons vooroordeel, diskriminasie, viktimisasie en belangebotsings vermy.

Ons verbind ons daartoe om ter nastrewing van administratiewe geregtigheid spoedig ondersoek in te stel en behoorlike oplossingsmetodes te vind.

Indien die gewone prosedures uitgeput is en daar binne 'n redelike tydraamwerk nie 'n bevredigende uitkoms vir 'n bepaalde saak bereik is nie, het klaers die reg om die Ombud te betrek.

## **G. AANMELDING VAN VERMOEDELIKE OORTREDINGS**

1. Alle belanghebbendes het die verantwoordelikheid om leiding te kry as hulle voor etiese dilemmas of onsekerhede oor die Universiteit se aktiwiteite te staan kom, en om vermoedelike oortredings van Kode 2040, die Universiteit se beleide en prosedures, en wette en regulasies aan te meld.
2. Indien daar onsekerheid oor die etiese aard van 'n situasie<sup>25</sup> is, moet belanghebbendes advies inwin van die Etiese-nakomingsbeampte wat in die Kantoor van die Registrateur (vir algemene sake) gesetel is of van die Kantoor van Navorsingsintegriteit en Etiek (vir akademiese sake) gesetel is. Indien nodig, sal die Etiese-nakomingsbeampte of die Navorsingsintegriteit-en-etiekbeampte die saak na die Raad se Sosiale en Besigheidsetiekkomitee vir verdere insette verwys om seker te maak dat die bepalinge van Kode 2040 nagekom word.
3. Belanghebbendes word aangemoedig om vermoedelike oortredings by hul onmiddellike toesighouers of via gepaste US-kanale aan te meld. As 'n belanghebbende egter om enige rede ongemaklik voel om 'n vermoedelike

---

<sup>24</sup> Verwys na: [Dissiplinêre Kode vir Studente van die US](#); [Dissiplinêre Kode: Reglement insake dissiplinêre optrede teen personeel](#); [Plagiaatbeleid ter ondersteuning van Akademiese Integriteit](#); [Onbillike Diskriminasie en Teistering](#).

Die 'Riglyne vir lede van die Sosiale en Besigheidsetiekkomitee' voorsien die volgende leiding om te bepaal of 'n gegewe saak eties van aard is: die saak 'het te make met 'n sistemiese uitdaging aan, of 'n sistemiese etiese besorgdheid voortspruitend uit nienakoming van, US-beleid; is afkomstig uit, of het eties 'n impak op, die US se bedryfsareas; maak 'n maatskaplike of etiese saak uit wat 'n wesentlike bedreiging of geleentheid inhou (of op die minste die persepsie van 'n bedreiging of geleentheid); het eties 'n impak op die strategie van die US; en het 'n potensiële regsimplikasie as dit nie aandag geniet nie'.

oortreding via hierdie kanale aan te meld, word die belanghebbende aangeraai om dit anoniem aan te meld by die US se onafhanklik geadministreerde etiekblitslyn by [sun@ethics-line.com](mailto:sun@ethics-line.com), [www.tip-offs.com](http://www.tip-offs.com) of 0800 204 549. 'n Toegewyde nommer is ook vir die aanmelding van insidente van rassediskriminasie beskikbaar.<sup>26</sup> Die US verbind hom daartoe om beskerming te bied aan enige persoon wat in goeder trou 'n aanmelding doen.

## H. IMPLEMENTERING

1. Die algehele bevordering (insluitend bewusmaking, opleiding en die aktiewe verspreiding van Kode 2040 in alle US-omgewings), implementering en handhawing van Kode 2040 is die verantwoordelikheid van die institusionele leierskap. Die leierskap word bygestaan deur die Raad se Sosiale en Besigheidsetiekkomitee wat die uitkomst van Kode 2040 monitor.
2. Die Viserektor: Strategie, Globale en Korporatiewe Sake en die Registrateur is die gesamentlike kurators van Kode 2040 en is verantwoordelik vir die kommunikasie en praktiese implementering van die kode.
3. 'n Afskrif van Kode 2040 is in Afrikaans, Engels en isiXhosa op die US se webwerf beskikbaar.

## I. EVALUERING

Die Raad se Sosiale en Besigheidsetiekkomitee sal monitor dat 'n jaarlikse evaluering van die institusionele nakoming van Kode 2040 onderneem word, en sal ook monitor in watter mate Kode 2040 en alle vereiste US-oorsigbestuursdokumente geïmplementeer en nagekom word.

Indien wesenlike aangeleenthede ontstaan, sal die resultate van die jaarlikse evaluering vir oorweging aan die Raad se Oudit-en-Risikokomitee voorgelê word wanneer dit met sy mandaat verband hou, en aan die Raad self, indien nodig.

## J. HERSIENING

Kode 2040 sal aan periodieke hersiening onderworpe wees, soos en wanneer nodig, om seker te maak dat dit in ooreenstemming bly met die US se visie, missie, waardes en strategiese doelwitte.

*Goedgekeur deur die Raad op 28 November 2022*

---

<sup>26</sup> Die toegewyde nommer sal van die begin van 2023 op die US se webruimte beskikbaar wees.